# VILLIERSDORP
## MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY

✉ 23

☎ 0225 - 31130

FAX 0225 - 32114

Burgersentrum / Civic Centre
Hoofstraat / Main Road
Villiersdorp 7170


[1]

Verw nr. / Ref. no. K.5/7/1 (Sien ook S.8/2)
Navrae / Enquiries J.L. SERFONTEIN/mlr

*Rig alle korrespondensie aan Die Uitvoerende Hoof / Stadsklerk en haal asseblief ons verwysing aan.*

*Address all correspondence to The Chief Executive / Town Clerk and please quote our reference number.*

17 Maart 1992

Die Sekretaris
Kommissie van Ondersoek en Voorkoming
van Openbare Geweld en Intimidasie
Privaatsak X858
PRETORIA
0001

Geagte Heer

i/s : GEWELD EN INTIMIDASIE

Met verwysing na u skrywe van 13 November 1991, sowel as die van 2 Januarie 1992 onder verwysing 11/5/4 en na heroorweging van die plaaslike situasie, veral na die jongste aantal voorvalle, het ek opdrag om die onderstaande sake onder u aandag te bring :

My Raad is deeglik bewus van pogings wat landwyd op sentrale regeringsvlak aangewend word om 'n nuwe klimaat van samewerking en samehorigheid by alle bevolkingsgroepe te skep en steun hierdie pogings met alle moontlike mag tot sy beskikking. Daar word op alle terreine behoorlik uit ons pad gegaan, tot 'n mate wat dikwels behoorlik aan selfverloëning grens, om plaaslike bevolkingsgroepe, wat uit wit, bruin en swart bestaan, saam te snoer. Dit is die Raad se opregte wens en begeerte om 'n klimaat te skep oor kleurgrense heen om in vrede en harmonie binne die grense van Villiersdorp te bly voortbestaan en leef. Die Raad se pogings word geweldig bemoeilik deurdat die Kleurling Bestuurskomitee juis op die aand, nog voordat die wet op tussentydse maatreëls tot stand gekom het, toe 'n voorstel ter tafel gelê is dat daar slegs een gesamentlike vergadering gehou moet word, onder druk van die plaaslike Burgerlike Vereniging, besluit het om te bedank. Alle poging wat daarna aangewend was om weer 'n bestuurskomitee saam te stel, het tot hiertoe misluk, hoofsaaklik as gevolg van intimidasie en druk wat deur die Burgerlike Vereniging toegepas word. Die Burgerlike Vereniging beweer dat hy die hele gemeenskap verteenwoordig, maar inligting wat uit die breë publiek verkry word, strook beslis nie met hierdie aantyging nie en alle optredes van die Burgerlike Vereniging dui daarop dat hul aksies hoofsaaklik polities van aard is.

Met verwysing na bogenoemde, ag die Raad dit nodig om slegs enkele voorvalle wat oor die afgelope jaar of wat plaasgevind het, onder u aandag te bring :

1. Die enkele kere wat die Raad daarin geslaag het om met lede van die plaaslike swart gemeenskap alleen te beraadslaag, het daar 'n goeie gees van welwillendheid en samewerking navore gekom maar die oomblik wanneer die Burgerlike Vereniging en meer spesifiek die hoof woordvoerder van die plaaslike Burgerlike Vereniging, Mnr. Thomas Jansen op die toneel verskyn, word daar 'n totaal ander gees van agterdog en wanoptrede by die mense bespeur.

2. Dit het by verskeie geleenthede duidelik geblyk dat kommunikasie wat via die Burgerlike Vereniging na die gemeenskap gekanaliseer word, op 'n verdraaide en onjuiste manier aan die publiek oorgedra word.

3. Toe die Raad laat gedurende 1990 'n Algemene Inligtingsvergadering belê het, waarheen wit-, bruin- en swart-mense uitgenooi was, het die Burgerlike Vereniging 'n daadwerklike teen propaganda veldtog geloods om bruin- en swartmense van die vergadering af weg te hou en het selfs fisies daartoe oorgegaan om mense wat oppad daarheen was, voor te keer.

4. Verskeie onwettige optogte is reeds in die dorp deur die Burgerlike Vereniging georganiseer.

5. Die Burgerlike Vereniging het 'n aksie geloods waarvolgens die Raad se kantore vir meer as 'n halfdag lank deur ongeveer 150 bruin- en swartmense beset was.

6. Gedurende die instelling van belasting op toegevoegde waarde, is 'n tweedaagse wegbly aksie deur die Burgerlike Vereniging van stapel gestuur en is mense op gruwelike wyse in die aangeleentheid geïntimideer en daar is voldoende getuienis van etlike voorvalle waar mense op hardhandige wyse deur lede van die Burgerlikge Vereniging gedwing is om van hul onderskeie werke af weg te bly.

7. Die Raad se amptenare word geïntimideer en gemolesteer terwyl hulle met die uitvoering van hulle pligte binne die deurgangsgebied en selfs binne die kleurling gebied besig is. 'n Ander amptenaar van die Raad word gedreig en dit is by geleentheid aan hom gestel dat sy huis afgebrand mag word en dat lede van sy gesin daar onder sal lei indien hy sou voortgaan om die Raad se werksaamhede uit te voer.

8. Op Vrydag 6 Maart 1992 is weereens onder die swartmense 'n wegbly aksie onder totaal valse voorwendsels deur die Burgerlike Vereniging gereël en het dit duidelik geblyk dat opsetlik verdraaide en verkeerde inligting deur hulle aan die mense deurgegee word.

Die Raad het gedurende verlede jaar 'n deurgangsgebied afgekondig en is besig om aan 'n aangrensende informele woongebied te werk en te beplan in samewerking met die Provinsiale Administrasie. Die Burgerlike Vereniging het onderneem om slegs mense van Villiersdorp in hierdie deurgangsgebied te vestig maar het nie hierdie onderneming gestand gedoen nie en het 'n groot aantal vreemde mense van buite Villiersdorp binne die deurgangsgebied gevestig, wat die Raad se beplanning totaal omvêr gegooi het en wat tot gevolg gehad het dat hierdie deurgangsgebied in minder as 'n jaar se tyd gevul is. As gevolg van hiedie aksie kon die aangrensende informele woongebied nie vinnig genoeg ontwikkel word nie en was die Raad verlede week verplig om as gevolg van omstandighede buite sy beheer weereens 'n aantal

onwettige plakkerstrukture buite die deurgangsgebied te sloop. Hierdie geleentheid voorafgaande, het die Raad deur bemiddeling van die Suid-Afrikaanse Polisie pogings aangewend en is daar met die Burgerlike Vereniging gereël om op 10 Maart 1992 om 18h30 op die terrein samesprekings met die Burgerlike Vereniging sowel as die okkupeerders van die onwettige strukture te voer. Die Burgerlike Vereniging het aanvanklik hiertoe ingestem maar het later omgeswaai en die Raad verhinder om spesifiek met die okkupeerders en die inwoners van die deurgangsgebied gesprek te voer. Daar moet op gelet word dat die Burgerlike Vereniging by hierdie geleentheid daarop aangedring het om nie op die terrein vergadering te hou nie maar dat hulle wel 'n vergadering om 19h00 daardie aand in die Raadsaal met die Raad aangevra het. Die Raad het hiertoe ingestem en het vir ongeveer 'n uur in die Raadsaal gesit en wag terwyl die Burgerlike Vereniging nie opgedaag het nie. Hierdie laasgenoemde handeling voorafgaande, terwyl die Raad inspeksie op die terrein uitgevoer het en alle pogings aangewend het om met die inwoners van die gebied te beraadslaag, is geheel en al deur die Burgerlike Vereniging in die wiele gery en is op opruiende wyse met aanhalings soos hieronder, hoofsaaklik deur Mnr. Thomas Jansen in persoon verder bemoeilik en moes die Raad onverrigte sake terugkeer :

1. "Moenie met die Maboere praat nie".
2. "Julle ken nie vir ons nie. Ons sal die wêreld swart brand. Ons is nie meer in die dae toe julle ons verdruk het nie. Julle kan nie weer ons grond afvat nie."

Hierdie aanmerkings is afgesluit met onwelvoeglike taalgebruik en beledigende aanmerkings teenoor die Burgemeester deur Mnr. Thomas Jansen persoonlik.

9. Toe die Raad onlangs met die Burgerlike Vereniging samesprekings gevoer het en die moontlikheid van die stigting van 'n onderhandelingsforum opgehaal is, was Mnr. Thomas Jansen se persoonlike aanmerking dat die Burgerlike Vereniging niks met 'n forum te doen wil hê nie en dat hulle nie alleen die eerste Burgerlike Vereniging is wat 'n forum verwerp nie maar die heel laaste sal wees om aan sodanige gesprekvoering deel te neem.

Uit al bogenoemde inligting, is dit vir die Raad duidelik dat die Villiersdorp Burgerlike Vereniging nie met die Raad wil saamwerk nie en aangesien die Burgerlike Vereniging die Raad verhoed om met die betrokke mense persoonlik te praat het dit tot gevolg dat probleme hoegenaamd nie opgelos kan word nie en dat alle pogings van die Raad om sinvol te onderhandel totaal en al verydel word.

Laastens kan die byna twee jaar lange huur/dienste boikot wat deur die Burgerlike Vereniging geïnisieer en instand gehou word, nie verswyg word nie. Die Raad het tot hiertoe alles in sy vermoeë gedoen om geduldig en simpatiek in hierdie aangeleentheid op te tree, maar kan dit nou net nie langer duld nie. Afgesien van die direkte finansiële verlies wat uit hierdie aangeleentheid voortvloei, kan die ure, dae en maande se verspilde manure en frustrasies wat daarmee gepaard gaan in geen geld ter wêreld bereken word nie.

In desperaatheid word hierdie skrywe aan u gerig in die ernstige hoop dat 'n oplossing vir hierdie onhanteerbare situasie spoedig gevind word, voordat dit te laat is. Dit wil voorkom asof wetgewing en regulasies wat veronderstel is om gebruik te word om orde in 'n gemeenskap te handhaaf by die dag meer gebrekkig word en glad nie aangepas is by veranderende staatkundige en politieke omstandighede nie.

Die uwe

J.L. Serfontein P.O.S., H.P.
UITVOERENDE HOOF/STADSKLERK

ENDOSSEMENTE AAN :

Mnr. L. H. Fick
Posbus 76
CALEDON
7230

Die Voorsitter
Kodesa
Posbus 307
ISANDO
1600

The Secretary
Regional Dispute Resolution Committee
P.O. Box 1226
CAPE TOWN
8000

Die Streekdirekteur
Tak Gemeenskapsdienste : Wes-Kaap
Privaatsak X7
GOODWOOD
7460